INTERVARSITY-UITGAWE DEEL I

# die wapad

DEEL XV VRYDAG, 22 MEI 1959 NR. 7

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

## WEL OM . . . .

Die hele Pukland en Kovsieland sit oorgehaal vir Intervarsity 1959, veral Pukland! Ons gaan die grootste Intervarsity beleef wat nog gehou is, veral as 'n mens daaraan dink dat daar meer voetbal- en tennisspanne gaan deelneem en dat die program aangevul word deur Gimnastiek en Pluimbal wat sy debuut maak. Kom, studente, laat daar Intervarsity wees!

Aan ons besoekende vriende uit die hoofstad van die Vrystaat 'n hartlike, warm Pukhanddruk; mag ons kragmetings aangenaam wees, maar mag ons ook bande van studentevriendskap smee, want dit is ook die doel van Intervarsity. Kovsies, wees tuis in ons midde: elke Pukhart staan oop vir julle.

Aan die Pukspanne wil ek 'n besondere woord van sterkte rig. Ek dink ons weet almal wie gaan wen—dit gaan die Pukke wees! Laat ons die spel skoon hou; laat ons die spel oop hou, en sukses moet kom.

En aan diegene wat ons sportmanne moet ondersteun: kom Pukke, ons kan en moet—laat ons die Kovsies wys hoe om te sing, want dit is net so 'n belangrike deel van Intervarsity. Ruk op in julle groot getalle en help julle dirigente—julle hulp is ook nodig op die pawiljoene. En ontvang die Kovsies met ware Pukgasvryheid!

Aan die Pukke en die Kovsies: sterkte met Intervarsity—mag die beste span wen!

E. J. DE JAGER,
Voorsitter Sentrale Sportbestuur.

# PUK HET REKENING OM TE VEREFFEN

## Voorspelers Gaan Stryd Beslis

WANNEER DIE EERSTE SPANNE VAN PUK EN U.O.V.S. SATERDAG IN DIE HOOFWEDSTRYD OP DIE VELD DRAF, SAL DIE VRYSTATERS BESIELD WEES OM VIR DIE DERDE KEER 'N DRIEKUNS TE BEHAAL. HULLE HET NAAMLIK IN DIE JARE 1946-48 EN 1952-54 AGTEREENVOLGENS OORWINNINGS BEHAAL. VIR DIE PUKKE DAARENTEEN SAL DIE AFGELOPE TWEE NEDERLAE VARS IN DIE GEHEUE WEES, EN HULLE SAL DIE VERNEDERING MET HIERDIE BOTSING PROBEER UITWIS.

Alhoewel die eerste spanne by ons ter perse gaan nog nie finaal bekend is nie, word 'n taai stryd Saterdag in die vooruitsig gestel. Wanneer dit by Intervarsity kom, is dit uiters moeilik om enige voorspellings te waag. Elke Intervarsity-botsing het nog sy verrassings gelewer en daarom sal vanjaar seker ook geen uitsondering wees nie.

Die Pukke is vasberade om die „wonde" wat U.O.V.S. die afgelope twee seisoene veroorsaak het, Saterdag te heel. Teen P.O.K. verlede Saterdag het hulle 'n teleurstellende vertoning gelewer, maar om dit as maatstaf van die Pukspan se krag te neem, sou verkeerd wees, want hierdie vertoning kan juis die korrekte voorbereidende faktor vir Saterdag se kragmeting wees.

U.O.V.S. se eerste span het hierdie seisoen afgesit op 'n hoë noot en rugby van 'n hoogstaande gehalte word gespeel. Aanvanklik het die agterlyn gesukkel om op dreef te kom, maar met die goeie voorbeeld gestel deur hulle kaptein, Nelie Smith, het hulle mooi reggeruk en hanteer die bal nou seepglad.

(Vervolg op bl. 4)

## Hennie Sê . . .

Welkom Kovsies, ons is bly dat ons weereens vanjaar Intervarsity kan hou. Die omvang van vanjaar se Intervarsity oortref die van vorige jare in baie opsigte veral wat die Pukke aanbetref, ek verwys na die verskillende nuwe velde wat vanjaar ook die brandpunt van gesonde kragmeting sal wees.

Aan elkeen van u vandag hier in Potchefstroom teenwoordig, deelnemer sowel as ondersteuner, sê ons baie welkom. Ons vertrou die bande wat hierdie twee inrigtings aanmekaar snoer, sal weereens versterk en uitgebou word.

Laat die kenmerk van ook hierdie Intervarsity wees gesonde sportmansgees en eerlike deelname van elke sportman en vrou.

Maak julle tuis en geniet die Intervarsity.

H. J. D. VAN DER WALT,
S.R. Voorsitter.

## *IDYLL EN HANS*

Haait Pukke!

Die groot dag is weer hier. Die dag van sing en skree aan die kant van die Pukke om ons spanne oor die lyn te kry, en van raas aan die kant van die Kovsies onder leiding van hul rasieleier, Paul Marais, wat knor en brom asof daar 'n stukkie „tube" oor sy „exhaust pipe" getrek is! Ons sal 'n gaatjie in die „tubie" maak sodat die arme „knorboxie" kan afblaas!

Om die kragmeting op die veld suksesvol te maak, is die kragmeting op die pawiljoen noodsaaklik en wanneer die opgesweepte Pukke hul spanne oor die doellyn gaan sing, gaan daardie rariteit uit die „Chamber of Horrors"—ek praat van U.O.V.S. se „public stooge", Paultjie Marais—homself aanbied as eerste ruimtereisiger met daai kromstert kat as gesêl, want hy en sy mense gaan nie 'n „patch" op ons wees nie. So van „patch" gepraat, hy moet tog nie sy kop breek oor Saterdag se probleme nie, want dié „top story" van hom is glo maar net daar om te keer dat sy rugstring nie uitval nie!

Ten slotte sê ons: Welkom, Kovsies! Ons gaan 'n bul Intervarsity hou. Mag julle verblyf aangenaam wees en jul nederlaag groot!

En, Pukke, laat ons ons ten volle geniet op die pawiljoen, en laat dit vir ons lekker wees om te sing. Julle het nie soos die arme Kovsies nodig om teen 'n „mombakkie" vas te kyk nie!

Ons sal „Tom Dooly" baie sing. Laat ons die Kovsies **morsdood** sing! Ons kan mos! Sterkte.

IDYLL VAN DER WALT,
Dirigent.

Ja, Pukkies,

Dis naar maar waar, ons is weer in die beklaenswaardige posisie om op die hele 23ste Mei met 'n klomp katte uit die Vrystaat (wat rondgaan onder die skuilnaam van Kovsies) hier opgeskeep te sit. Vir Bloemfontein se inwoners, daarenteen, is dit 'n welkome verposing—twee nagte lank sal hulle nie deur 'n filharmoniese kattekoor gesteur word nie. Ons kan ons darem weer hieraan troos: „Die kat gaat t'rug."

Dus, Pukkies, wees maar Saterdag met die verfomfaaides geduldig. Geniet hulle onbeholpenheid. Dis gratis—hulle is te onnosel om vermaaklikheidsbelasting te vra. Wys hulle wat sportmanskap, gasvryheid, studentegees en -uitbundigheid is. Maar wys hulle veral hoe om te sing en wenrugby te speel—ons het hulle nou genoeg gewys hoe om te verloor.

HANS VAN ZYL,
Onder-dirigent.

## MATIES HET S.R., RHODES NOG NIE

Die voorstanders van afsonderlike Universiteite het sonder voorbehoud al sestien setels in die Studenteraadsverkiesing van Stellenbosch ingepalm. Vier lede van die vorige S.R. wat 'n mosie ten gunste van die regering se universiteitswetgewing nie gesteun het nie, het uitgeval.

Die verkiesing bewys dat die meerderheid van die studente nie alleen die beginsel van afsonderlike universiteite steun nie, maar ook die wyse waarop dit in die praktyk toegepas word.

Die nuwe S.R. is deur 'n Arbitrasiehof geldig verklaar na besware wat teen die wettigheid daarvan ingebring is. Die besware wat deur 'n drietal studente geopper is, kom daarop neer dat die verkiesing nadelig beïnvloed is deur die verspreiding van sekere pamflette waarin kandidate ten opregte as liberaliste bestempel is, en dat hulle die Afrikaanse karakter van die Universiteit ondermyn.


Mnr. Beyers Roelofse is tot voorsitter van die uitvoerende komitee van die S.R. en Mnr. Ben Pieters tot ondervoorsitter verkies.

'n Saak wat nou nog nie uitgemaak is nie, is die verhouding tussen die nuwe S.R. en die MATIE, studentekoerant van Stellenbosch. Die MATIE was opstandig teen Mnr. Beyers Roelofse en sy groep en die poging om met die verkiesing 'n spesiale uitgawe uit te gee, het misluk. Die gereelde redaksie is nie toegelaat om die verkiesingsuitgawe uit te bring nie.


Die Studenteraadsverkiesing in Rhodes het nog nie finaliteit bereik nie. Tussen die twaalfde en dertiende kandidaat moet nog oorgestem word. Die voormalige voorsitter, Mnr. D. Gruber, het hom nie weer verkiesbaar gestel nie.

'n Poging is aangewend deur 'n groep studente om die drie lede van die ou S.R. wat nie bedank het nie, te oorreed om ook te bedank sodat 'n nuwe verkiesing in plaas van 'n tussenverkiesing kon plaasvind. Hulle pogings het egter op 'n massavergadering misluk toe die voorstel óórstem is met 215 stemme teenoor 213 stemme. Drie lede het buite stemming gebly.

Die feit dat die drie lede nie gedwing kon word om te bedank nie, het as gevolg dat drie lede van die versetgroep teen die ou S.R. nou weer op die S.R. dien. Twee van die ou lede was Nusas verteenwoordigers in die ou raad.



SLURPIE EN KIE . . . MET SKOON BORSLAPPIES AAN.



U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit

ALF'S STUDIOS

KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432



Claustrophobia?

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK — KOM NA


PRO REGE PERS

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT

Die PADKAFEE




ROADHOUSE

VERSKAF U 24-UUR DIENS MET donderend-STRELENDE MUSIEK DEURENTYD.

Spesialiseer in:

- WARMBRAKKE
- HAMBURGERS („Ham Citizens")
- MAALTYE EN VERVERSINGS.




Vir u

- FIETSE
- BROMFIETSE
- MOTORFIETSE
- TIKMASJIENE

ens.,

Kom na—

J. HEIDEMA

POTCHEFSTROOM

Telefoon 364. Kerkstraat 48.

## Boodskap Van Neels Smith

Die jaarlikse kragmeting tussen die Pukke en die Kovsies is weer voor hande en die hare sal waai wanneer Kovsieland Potchefstroom eersdaags binneval.

In soverre dit ons nasionale spel betref kan 'n harde, taai botsing in vooruitsig gestel word. Ons is deeglik bewus van die vasberadenheid waarmee Frans de Bruyn en sy manne hierdie Intervarsity gaan aanpak om sodoende die agtereenvolgende nederlae van die afgelope twee Intervarsities te wreek. Die Kovsies daarenteen sal op hul beurt alles in die stryd werp om die naam van die Vrystaatse Bult hoog te hou.

Ek wil dus geen voorspelling waag nie aangesien die manne gewoonlik bokant hul moontlikhede speel.

Ten slotte wil ek aan alle rugbyspelers van die twee inrigtings 'n aangename Intervarsity toe wens. Kêrels, mag dit weereens geskied in die tradisionele gees wat met so 'n Intervarsity gepaard gaan.

NEELS SMITH,
Kaptein U.V. eerste span.

## Intervarsity Boodskap Aan Die Pukkies

Baie dankie vir die voorreg aan my gegun om 'n paar woorde in DIE WAPAD te mag sê. Daar is 'n spreekwoord wat soos volg lui: „Elke haan is baas op sy eie mishoop". Ek mag miskien baie pessimisties klink, maar ek het so 'n vae voorgevoel dat daardie spreekwoord nie vanjaar bewaarheid gaan word nie. Al die Kovsiespanne is vanjaar oorgehaal vir die Intervarsity, nie net wat betref voetbal nie, maar ook korfbal, tennis, hokkie, tafeltennis en pluimbal. Ons is egter deeglik bewus dat ons taai opposisie te wagte kan wees wanneer ons julle vesting binneval, maar wees verseker daarvan, Pukke, die Kovsies is oorgehaal en gaan hard probeer om verlede jaar se fiasko te herhaal.

Mag dit vanjaar 'n baie aangename Intervarsity wees en mag die uitslae in die verskillende sportsoorte slegs 'n bysaak wees.

PIETER VENTER,
Sportredakteur van Irawa.

## SO HET DIT IN DIE VERLEDE GEGAAN

### Intervarsity-Statistiek

| | U.O.V.S. | P.U. |
|---|---|---|
| 1927 | 6 | 4 |
| 1938 | 8 | 11 |
| 1943 | 8 | 6 |
| 1944 | 11 | 3 |
| 1945 | 3 | 4 |
| 1946 | 10 | 5 |
| 1947 | 7 | 6 |
| 1948 | 20 | 6 |
| 1949 | 3 | 8 |
| 1950 | 5 | 11 |
| 1951 | 3 | 6 |
| 1952 | 12 | 11 |
| 1953 | 3 | 0 |
| 1954 | 21 | 8 |
| 1955 | 3 | 16 |
| 1956 | 6 | 13 |
| 1957 | 8 | 3 |
| 1958 | 19 | 13 |
| 1959 | ? | ? |

U.O.V.S. het dus 11 botsings en die Puk 7 gebuit.

die wapad

Redaksie en Administrasie

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode en Frans van der Vyver | 1566. 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren en Bets Coetzee | X041. 0013. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe en Marieke van der Merwe | 19. 281. |
| TEGNIESE ADVISEUR | Gouws Oberholzer | 2162. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
VRYDAG, 22 MEI 1959



## REDAKSIONEEL
### VERBODE LEESSTOF

Dit is eers wanneer die fisies-ruimtelik gemanifesteerde student sigself as't ware ophef, oplig en op sy eie bene staan.

En selfstandig lawaai maak.

Dit is eers dân wanneer jy die gevoel kry wat die koue rillings só vinnig hier in jou rugstring opstuur dat dit voel asof hy publiek vasgeys is.

—INTERVARSITY!

'n Kostelike geleentheid.

Nêrens daar nog 'n geleentheid waarop twee uit- en deurgelese groepe mense mekaar fisies en verstandelik te lyf gaan en dan, wanneer alles verby is, yslike boesemvriende is nie.

Behalwe vir akute verskilpunte wat mag bestaan.

Uniek!

---

Wederom Oukies—hartlik en inniglik wederom.

G'n mens kan bestaan sonder 'n waardige vyand nie.

Ons is lief vir julle.

Op 'n mooi manier.

Ons kan eintlik nie sonder mekaar klaarkom nie.

Kom ons breek mekaar op 'n minsame manier—met 'n vriendelike glimlag.


Op so 'n manier dat dit weer en weer gedoen kan word.

Geniet dit!

---

Ons vra om verskoning dat die boodskappe van Oukies se rasieleiers nie in hierdie uitgawe verskyn nie—by ons ter perse gaan het dit ons nog nie bereik nie.

PUKKE.....



Vir julle BLêRKASTE en ander ELEKTRIESE BENODIGDHEDE

W. J. SPAVINS en SEUN

Kerkstraat 101 Tel. 185



Vir daardie hol gevoel op die maag bak ons die HEERLIKSTE VLEISPASTEITJIES

TURKSTRA BAKKERY

(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 61



DIENS!

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

Mooirivier-Apteek

205. Kerkstraat Telefoon 380.



JANET says:

for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS

Take me to the —

Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.

REBA-KAFEE

Tomstraat 88

DORS?

HONGER?

Bestorm ons om kronies versadig te raak.

Die Bult Haarkappers en Juweliers

TOMSTRAAT 86A

Die BESTE ADRES vir HERSTELWERK aan HORLOSIES



CHRONIESE LOU VERWARMERS?

Stook hom met

OOSTHUIZEN se KOLE

Kerkstraat 104. Tel. 312

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

J. du Raan

HORLOSIEMAKER EN JUWELIER

Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.

KERKSTRAAT 161

SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE

# KAPTEINS VAN DIE P.U. SPORTKLUBS AAN DIE WOORD

## Koning Voetbal:

Dit is weer Intervarsity en soos die vorige jare gaan Puk en U.O.V.S. weer teen mekaar opruk om te bepaal wie die sterkste is op sportgebied.

Wat voetbal betref, hoop ons om vanjaar die louere in te oes. Die gees is reg in Pukkeland en daar sal sewe van ons spanne met die Kovsies kragte meet: twee onder negentien spanne en vyf senior spanne: Slippers, Tekkies, Fires, Navy en Theos.

Slippers het tot dusver pragtige spel gelewer onder aanvoering van Strauss en het net soos Tekkies die meeste van hulle wedstryde gewen. Fires is natuurlik vanjaar dié span en ons hoop is ook weer op hulle gevestig om die bekers na Pukkeland te bring. Die Kovsies sal hier moet lig loop. Navy is ook vanjaar op dreef en hier sal die besoekers hard moet spook as hulle wil wen.

Die eerste span was die afgelope tyd gekniehalter deur beserings. Die manne is egter nou oorgehaal en Nelie en sy manne sal moet hard spook as hulle die fort wil inneem.

Ons heet die Kovsies hartlik welkom, en mag die beste span wen. Laat elke man probeer om die wedstryd in egte Intervarsity-gees af te speel.

FRANS DE BRUYN.

## Tafeltennis:

Welkom Oukies,

Die bestuur van die Tafeltennisklub wens julle 'n aangename Intervarsity toe. Ons hoop dat die wedstryde, ook wat die tafeltennis betref, in die regte gees afgespeel sal word.

Soos in die verlede twyfel ons natuurlik nie aan die uitslag van Vrydagaand se botsing nie, want met baie van die ou manne nog by ons, o.a., die veteraan Johan van der Walt en by die dames Elma Faure, en 'n paar goeie jong spelers, bestaan daar net een span, en sal julle soos die vorige twee kere hard moet spook om 'n wedstryd of twee te wen!

Ons sien baie uit na Vrydagaand en wens julle alle sterkte toe—lekker speel!

ROSSIER DE VILLE.

## Dameshokkie:

Dit is weereens Intervarsity!

Wat gaan die geledere van die dameshokkie aan? Groot dinge!

Ja nee, Pukke, dit kan nie anders nie—die dames gaan hierdie jaar vir U.O.V.S. wen! Met spel soos in jare nog nie gesien is nie, gaan die dames hulle mede-Pukke vergas, en die Kovsies verras. Pukke, kom vergewis julleself van die talent in ons geledere.

ESTIE VAN DER WALT.

## Tennis:

Na verlede jaar se nederlaag op die tennisbaan sien die Pukke uit na die herontmoeting. Die Pukke is reg en ons wil die Kovsies sommer dadelik waarsku dat hulle 'n opdraende stryd sal hê as hulle ons weer hierdie jaar wil klop.

Ons wil die Kovsie-tennisspelers van harte verwelkom in ons midde en hoop en vertrou dat hulle die res van die Intervarsity net so sal geniet as die tennis.

Aan die Pukke wil ons net stel dat die tennis reeds op Vrydagmiddag, 22 Mei sal plaasvind en ons vra u om ons ook maar te kom ondersteun.

Aan almal 'n baie aangename Intervarsity!

E. J. DE JAGER.

## INTERVARSITYPROGRAM

VRYDAG, 22 MEI:

10 vm.: Gesellligheid vir Tennisspelers ...... Kafeteria
1.30 vm.: Tenniswedstryde — — — — — ...... P.U.-bane
2 nm.: Jukskeiwedstryde ...... P.U.-bane
7 nm.: Gimnastiek ...... Gimnastieksaal
7 nm.: Tafeltenniswedstryde ...... Studentesaal
7.30 nm.: Debat ...... Hoofgebousaal

SATERDAG, 23 MEI:

5 tot 6.30 nm.: Kovsies kom aan ...... Cachet-stasie.
Koffie word verskaf in die Kafeteria.
9 vm.: Pluimbal ...... Gimnastieksaal
9.45 vm.: Voetbal/3C ...... P.U.-veld A
9.45 vm.: Voetbal/Onder 19B ...... P.U.-veld B
11.15 vm.: Voetbal/3A ...... P.U.-veld A
11.15 vm.: Voetbal/3B ...... P.U.-veld B
10 vm.: Korfbal/tweede span ...... P.U.-bane
10.45 vm.: Korfbal/eerste span ...... P.U.-bane
8 vm.: Hokkie/tweede mansspan ...... P.U.-baan
9.10 vm.: Hokkie/eerste damespan ...... P.U.-baan
10.30 vm.: Hokkie/eerste mansspan ...... P.U.-baan
11.45 vm.: Hokkie/tweede damespan ...... P.U.-baan
1.30 nm.: Voetbal/Onder 19A ...... Park A
2.45 nm.: Voetbal/tweede span ...... Park A
4 nm.: Voetbal/eerste span ...... Park A
6.30 nm.: WAPAD met Intervarsity uitslae verskyn
7 nm.: Bioskoop: „The Stooge" ...... Studentesaal
7.30 nm.: Intervarsity-dinee ...... Queen's Hotel
12: Kovsies vertrek ...... Cachet-stasie

### REËLINGS

**Busse:**

Na die Olëngronde vanaf Klawerhof se hek is daar die volgende busse op die volgende tye:

12.50 nm.: 4 busse, O/19's en toeskouers.

1.10 nm.: 4 busse, res van die spelers en U.O.V.S. toeskouers.

7 nm.: 1 bus na die Queen's Hotel vir dinee.

Na die voetbal sal daar 8 busse wees terug na die Universiteit.

**Etenstye:**

Oggendete: 7.20 vm.
Middagete: 12.45 nm.
Aandete: 6.15 nm.

Die Kafeteria, langs dit Studentesaal, is die heeldag gereed om die inwendige mens te versterk.

Spelers word gevra om hulle aan te meld vir etes by die koshuise waar hulle ingedeel is—nl. soos volg:

Dames-eetsaal: Alle speelsters van U.O.V.S.

Dawie du Plessishuis-eetsaal: Tennis, Tafeltennis, Debat, Manshokkie. Eerste voetbalspan, Onder 19 A en B.

Heimat Kompleks-eetsaal: Jukskei, Gimnastiek, Voetbal: tweede spanne, derde A, B en C spanne, Pluimbal.

**Huisvesting:**

Spelers wat reeds op Vrydag aankom, eet en slaap by die koshuise waar hulle ingedeel is.

## Manshokkie:

Welkom aan al die manshokkiespelers van Bloemfontein! Mag ons weereens 'n aangename Intervarsity belewe en lekker hokkie speel.

Die Pukkies is oorgehaal en slaggereed en bowendien vasberade om vanjaar se botsing te wen. Miskien sal dit nie maklik gaan nie, maar die hare gaan sekerlik waai—ons reken dit gaan die kat se hare wees!

Sterkte op die 23ste!

GERT SNYMAN.

## Pluimbal:

Geagte Kovsies,

As kaptein van die P.U. Pluimbalklub wil ek julle hartlik in ons midde welkom heet. En in dieselfde asem ook meedeel dat ons jong klub reeds tot so 'n sterk span gegroei het, dat ons julle sonder 'n pluimpie huis toe gaan stuur.

Ons vertrou dat julle die tyd by ons terdeë sal geniet, lekker sal speel en nie te veel oor die loesing sal treur nie.

KOOS VAN WYK.

## Korfbal:

Hiermee weer die gebruiklike welkomswoord aan die Kovsies. Net soos al die vorige jare, weet ons, sal hierdie botsing in die goeie gees van Intervarsity geskied.

Daar kan egter dalk 'n atoom-

(Vervolg op bl. 4)

## Intervar . . ia

Sst . . . boem . . . wha! Daar gaat hy! Maar die kat kom terug! Die kat, rugbyspelers, sportmanne rasie-leiers en ander dinge, kortom „every fellow in the blue and white and yellow" (Tampans uitgesluit) kom weer. kaalgeskeer of te not. Alva of al valer?

Intussen gaan die hare waai. Ou Slurpie, onbekend as Idyll van der Walt, dirigeer al snags vir die krieke in sy kamer. Sy opponent (!?), ene Paul Marais, is slegter af. Hy is mos nie 'n dirigent nie, maar 'n rasieleier! Is hy die rasie-leier of dierasieleier? Die tyd sal leer.

Ou Hans van Zyl (in die alledaagse lewe is hy 'n vermaerde Tekkies-kaptein) „panic" egter niks nie. Die Intervarsity is vir hom nie baie belangrik nie, hy is mos lankal gekys. Die rede waarom hy nie opgewonde raak nie? WIM CORREBIL! (Spelling volgens Dieretuingids.) Ek het dit nog altyd teen wetenskaplikes wat sulke name aan nuwe ontdekkings gee.

Byna al die Pukke het die singsongs geniet. Een wat dit beslis nie geniet het nie, is Karien Potgieter. Mens kan haar ook nie kwalik neem nie, Hans staan die heel aand voor al die dore en probeer „handsome" lyk. Die ou-dames steur hulle egter nie so baie aan hom nie, ou Slurpie het al 'n snor!

So van groot kinders (die met die snorre) gepraat, our Schalk weeg n' traan van weemoed uit sy oë. Hy sê hy kon maklik dirigent geword het as die rooi-onderbaadjie (die een wat saam met die rooimanel gedra word) nie vir hom te kort geword het nie. Hy wonder nou net hoe het die Kovsies van Alva ontslae geraak. Ek dink hulle het die Proffies omgekoop om hom te laat slaag!

Gedruk deur ENSLINS, Potgieterstraat 31, Potchefstroom


Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge

**Die Bult Apteek**
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091

**MOENIE.....**



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE
„U KEN ONS!"



**Unie-Bakkerye**
Posbus 244—Tel. 167 en 1086
Bakkers en Banketbakkers
BROOD, KOEK EN PASTEITJIES
KERKSTR. 60 — POTCH.
Spoorwegstr., KLERKSDORP

# PUKKE WEN MAAR STEL TELEUR

## Heelagter Teken Al Twaalf Punte Aan

Op die vooraand van Intervarsity het die eerste span Saterdag daarin geslaag om P.O.K. in 'n teleurstellende wedstryd te klop met 12 punte (vier strafdoele) teenoor 3 (een strafdoel). Die wedstryd het nooit voldoen aan die hoë verwagtings wat albei kante gekoester het nie, as gevolg van hegte verdediging aan albei kante, swakkerige hanteerwerk en die neiging van albei agterlyne om te veel te skop.

Die Pukke sal moet verbeter op Saterdag se vertoning indien hulle die Kovsies met die kous oor die kop huis toe wil stuur. Hul spel het afronding kortgekom: die kenmerkende samespel onder die voorspelers het ontbreek en die agterlyn kon nie hul kanse benut nie. Die vleuels het uiters min van die bal gesien, en inderdaad het Heymans nooit opgehardloop vir H. B. van der Walt nie, maar teruggeval vir die dwarsskop wat elke keer gevolg het.

Toy Dannhauser en Piet van der Schyff was hulle sout dubbel en dwars werd. Van der Schyff het hoegenaamd nie afgesteek by sy meer ervare teenstander, Hennie van Zyl nie, en Dannhauser het die Pote moedeloos geskop. Origens was dit 'n wedstryd wat min hoogtepunte en uitblinkers opgelewer het.

Vir die Pukke het Toy Dannhauser met vier strafskoppe en vir Pote het Mof Maré met een geslaag.

Ander uitslae was:
Navy 6, Pote 3.
Fires 3, Pote 6.
Tekkies 17, Fochville 0.
Slippers 3, Pote IIIB 20.
Puk O.19A 13, Pote 9.
Puk O.19B 13, Pote 8.

E. v.d. W.

## U.O.V.S. se Ander Spanne

### Tafeltennis:

Wat dié sportsoort betref, behoort dit vanjaar weer 'n baie gelykop stryd af te gee. Dieselfde Kovsiespan wat verlede jaar gelykop teen die Pukkies gespeel het, durf die Pukkies vanjaar weer aan. Ongelukkig kan die Kovsie-staatmaker Pat Uys nie die span vergesel nie. Sy teenwoordigheid kon miskien die kanse van die Kovsies veel beter daar laat uitsien het. Altesaam 3 mans en een damesspan gaan die Pukkies aandurf.

### Korfbal:

Alhoewel ons in Kovsieland eintlik netbal speel, het ons speelsters die fyner kunsies van korfbal ook bestudeer en is vol moed dat die groot oorwinnings wat die Pukkies die afgelope aantal jare behaal het, vanjaar omskep gaan word in 'n nederlaag.

### Pluimbal:

Dit is natuurlik die eerste keer dat hierdie sportsoort tydens Intervarsity

(Vervolg van bl. 3)

bommetjie op hulle gelos word in die korfbal! Daarom wil ons hulle in alle erns by die genieting waarsku dat ons nie sagkens met hulle gaan werk nie!

ANSA BINGLE.

## Skaak

Aan die U.O.V.S. se skaakmanne 'n hartlike welkomswoord! Ons vertrou dat ook hierdie kragmeting in tipiese Intervarsitygees sal plaasvind en dat die beste span sal wen.

Die Pukke se breins werk vanjaar in hoogste versnelling, en sonder om die Kovsies te ontmoedig: ons weet wie skaakmat gaan wees: dit gaan nie die Pukke wees nie!

HANNES ELS.

## Gimnastiek:

Ons is bly dat die Kovsies weer hierdie jaar teen ons wil kompeteer. Ons wens hulle alles van die beste toe en hoop dat hulle die kompetisie saam met ons sal geniet.

'n Spesiale woordjie van verwelkming aan die dames gimnaste van Bloemfontein. Waar dit verlede jaar net die mans was wat aan die gimnastiek deelgeneem het, is ons bly dat die dames hierdie jaar ook ingesluit kon word.

Ons hoop en vertrou dat ons in 'n aangename gees sal wedywer en ten alle tye die deelname aan die sport van groter waarde sal ag as die oorwinning.

Sonder om groot te praat, te skimp of te skinder, julle sal julleself moet ken, Kovsies!

WYNAND PUTTER.

gaan plaasvind. Met staatmakers soos Appel Brüssow, Bennie de Kock, Frik Groenewald en Hennie Barnard is die Kovsies dan ook vasberade dat hierdie eerste Intervarsity-pluimbal-botsing deur die Kovsies gewen gaan word.

## Tennis:

Die Kovsies is bekend daarvoor dat hulle jaarliks oor 'n baie sterk tennisspan beskik. Vanjaar is dan ook geen uitsondering nie. Wat die mans betref, moes 'n paar staatmakers hulle ongelukkig aan die span onttrek, en daar bestaan ook nog twyfel of ons nommer een speler, Jackie du Toit, die span sal kan vergesel. Hulle behoort nogtans verlede jaar se oorwinning te kan herhaal. Die dames beskik ook oor 'n baie sterk span en hulle voel feitlik seker daarvan dat die Pukkies vanjaar weer in die stof gaan byt.

PIETER VENTER (IRAWA).

# PUK SE REKENING

(Vervolg van bl. 1)

### WEDSTRYDWENNER

Dannhauser is in die laaste vesting 'n man wat 'n wedstryd kan beslis, nie alleen met sy skopwerk nie, maar ook deur sy aansluiting by die agterlyn. Sy teenstander, K. van Wyk, is self 'n kalm speler en 'n veilige skopper.

Die man wat Mic Moolman op vaart wil stuit, moet nie alleen vinnig wees nie, maar moet krag in sy arms hê. H. B. van der Walt het ontwikkel tot 'n baie gevaarlike vleuel. Hulle moontlike teenstanders is J. Marais en J. Jacobsz.

### TWEESTRYD

Die tweestryd tussen Bennie van Niekerk en Jan van der Schyff wat reeds verlede jaar gewoed het, sal vanjaar voortgesit word. Aangesien Van Niekerk nog sukkel om sy beste vorm te herwin, moet die Puksenter as gunsteling vir vanjaar se botsing beskou word.

Bok Fourie speel teenoor die meer ervare en Vrystaatse skrumskakel, Nelie Smith. Indien Puk die bal kan bemeester en Fourie sy agterlyn blitsig genoeg kan wegstuur, behoort Piet van der Schyff wat pragtig op stryk is, sy senters Leon Thom en Jan van der Schyff volle geleentheid te gee om aan te val.

### GEDUGTE VOORSPELERS

Die Kovsie voorspelers is vanjaar net so gedug as vorige jare en ou staatmakers soos Sakkie van Zyl, Pieter Goosen, Henry Meyer en Stoney Steenkamp behoort die Pukke 'n woelige tydjie te besorg. Die Pukke is egter bekend vir hulle samespel en deeglike dekwerk deur die losvoorspelers. As eenheid is hulle moeilik oortrefbaar.

Van die stryd tussen Herman Venter, Goosen en Pretorius sal veel afhang. Met Frans de Bruyn en De Wet Kruger as stutte vir Lessing sal die stryd in die skrums taai wees teen Van Zyl, J. Wessels en A. Pretorius. Piet Steinberg lewer deesdae sy beste spel, maar U.O.V.S. se losvoorspelers, Meyer, Steenkamp en Du Pisanie sal van die begin af deeglik vasgelê moet word.

U.O.V.S. se voorspelers sal waarskynlik meer van die bal te sien kry, maar Puk se agterspelers is nie alleen rotsvaste verdedigers nie, maar kan ook gevaarlik aanval.

### TWEEDE SPAN:

U.V. beskik vanjaar miskien nie oor dieselfde kaliber tweede span wat die Pukkies die afgelope aantal jare met die uitsondering van 1955 elke keer in die stof laat byt het het nie, maar dat hulle beslis gedug genoeg is om enige span harde bene te laat kou, ly geen twyfel nie. Veral wat betref hul voorspelers is hulle groot, swaar en beweeglik.

Onder aanvoering van MacDonald vaar die Pukke vanjaar besonder goed en het dusver nog net teen Dorp verloor. Hulle is 'n ewewigtige en sterk span en behoort deeglik rekenskap van hulleself te gee.

### DERDE SPAN:

Spanne wat vanjaar goed vaar, is die derde spanne. Hulle speel rugby van 'n hoë gehalte en behoort goed teen mekaar op te weeg.

### ONDER-19

Die onder-19 spanne het verlede jaar gelykop gespeel en het albei reeds goed gevaar. Die Pukke het twee gevaarlike slotte in Heydenreich en Wolhuter terwyl Grundlingh 'n briljante losskakel is wat die verloop van enige wedstryd kan bepaal.

PIETER VENTER,
Sportredakteur, IRAWA
en DAS HERBST.

## Dames Speel Vir Wes-Transvaal

Na afloop van Saterdag se hokkieproefwedstryde in Potchefstroom, is twee Pukke gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig. Hulle is Jo Schoeman, 'n ou veteraan, en Alberta Howell, 'n eerstejaar, wat ook kaptein van die Natalse skolespan was. Mooi so, Pukke!

## Tennis: Pukke Seëvier

Die Pukke se mans- en damesspan het verlede Saterdag albei hul ligabotsings oortuigend gewen. Die manspan het die B-span van Park met 41 stelle teenoor 27 en die damespan vir Garnisoen met 60 teenoor 8 geklop.

De Jager, die P.U. kaptein, en Albertyn het hul wedstryde 9—8 en 12—5 gewen, terwyl Taljaard en Van Jaarsveld die een 12—5 gewen het, maar ongelukkig was om die ander een 9—8 te verloor. Wat die dames betref, het twee eerstejaars, Alta de Kock, die bekende atleet, en Jeanette Meyer veral uitgeblink.

## Puk Wen Skaak

Die Pukke se breins het verlede week nie verniet oortyd gewerk nie, want hulle het nege uit die vyftien skaakwedstryde teen Pote gewen. Puk se drie beste spelers, Hannes Els, Johan Koen en Danie Joubert het aldrie hulle wedstryde gewen. Die Pukdames het ook daarin geslaag om die louere weg te dra.

Drink die beste!
● PEP-A-GUAVA
● PEP-A-DILLA
● TING-A-LING
● TOPHAT
PEP-I-DOO
S & S
Drink
● SUPER ORANGE
● FRESH ORANGE
Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134
POTCH MINERAL WATERS

Ondersteun Ons Adverteerders



**AITSA!**
As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere by—
**J. TOD SUTTIE**
Kerkstraat 177 — Tel. 1
POTCHEFSTROOM.

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"
BESOEK —
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei ● WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK
asook ● KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP
(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"